

WYSIGINGSKODOKUMENT NOMMER 5

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK – PENSIOENFONDS


Besluit van die RAAD van die FONDS geteken te PRETORIA op 19-02-2009
2009.

Besluit dat vanaf 1 November 2007 word die volgende nuwe REËL 6.3 by die bestaande PENSIOENFONDSREËLS bygevoeg:

"6.3 RISIKO STERFTE-IN-DIENS GADEPENSIOENVOORDEEL


- 6.3.1 Ingevolge die bepalings van die STERFTE-IN-DIENS versekeringspolis aangegaan vir hierdie doel, is die LID se kwalifiserende gade geregtig op die enkelbedrag betaalbaar ingevolge die bepalings van REËL 6.2, asook 'n verdere kapitaalbedrag wat voldoende is om vyftig persent van die LID se jaarlikse inkomste ten tye van sy afsterwe aan die kwalifiserende gade te kan voorsien.
- 6.3.2 Hierdie kapitaalbedrag moet aangewend word om 'n pensioen aan te koop vir sodanige gade vanaf 'n GEREGISTREERDE VERSEKERAAR soos die gade mag kies, en op so 'n wyse soos die gade besluit binne die perke van huidige, toepaslike wetgewing.
- 6.3.3 Die LID se gade moet binne ses maande na die LID se afsterwe aandui op watter wyse die pensioen aangekoop moet word. Na die aankoop van sodanige pensioen sal die FONDS geen verdere verpligting teenoor die gade hê nie."

Die rede vir die wysiging is om die risiko voordele betaalbaar aan kwalifiserende gades uiteen te sit.




1

Dit word gesertifiseer dat hierdie besluit in ooreenstemming met die bestaande
PENSIOENFONDSREËLS geneem is.


Voorsitter van die RAAD

19.02.2009
Datum

A.S. VAN JAARSVELD
Naam


Lid van die RAAD

2009/2/19
Datum

G.J.J. van Rensburg
Naam


Hoofbeampte

19-2-2009
Datum

L.J. KORKIE
Naam

